

Sing vooraf staande: Psalm 4:3 (p. 15)

- 3 Wil jul aan Hom 'n offer gewe? / Die offer wat die HEER aanskou,
is in opregtheid reg te lewe, / en Hom alleenlik aan te klewe, / op Hom alleen jul hoop te bou.
Hoe baie vra terneergeboë: / Waar vind ons ooit die ware goed?
Verhef oor ons u Vaderoë, / sien op ons neer in mededoë, / verlig ons hart en ons gemoed!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:1, 11 (p. 71)

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 11 Sy ordening, dié was voor my, / ek het sy woord getrou gebly.
Ek was opreg van hart voor Hom / en wou op onregspad nie kom;
sodat die Heer, sy trou tot prys, / en na die reinheid van my hand,
sy woord gegee het as my pand / en my my reg het toegewys.

Gebed

- **Doksologie:**
 - **Aanbidding:**
 - **Skuldbelydenis:**
 - **Vergifnis:**
 - **Dank:**
 - **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
 - **Algemene bede:**
 - **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**
- Amen.

Psalm 71:1, 3 (p. 353)

- 1 Op U alleen, my Rotssteen bou ek. / Laat my dan nimmermeer / in smaad verval, o HEER!
Op u geregtigheid vertrou ek. / Verhoor my, red my lewe; / dis aan U oorgegewe!
- 3 Ruk my tog uit die wrede kloue / van hul wat onreg werk, / geweld'naars my te sterk.
U is die God van my betroue / vanaf my eerste skrede / en jonkheids ver verlede.

Skriflesing: 1 Tessalonisense 5

Teks: 1 Tessalonisense 5:24; Kategismus Sondag 46

Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen.
(1 Tessalonisense 5:24 AFR53)

In hierdie kort versie is daar baie troos opgesluit. Daar is geweldig baie genade by God.
Die apostel wil hê dat die gemeente se aandag gevestig moet wees op God se genade.

- In vers 17 word die gemeente beveel om onophoudelik te bid.
- Die Here sal hulle gebed verhoor omdat Hy getrou is.

Ons kyk na ons teksvers van drie kante af:

- 1. Wat openbaar hierdie woorde aan ons?**
- 2. Hierdie woorde wek vertrou by ons op.**
- 3. Hierdie woorde leer jou om God te ken.**

1. Wat openbaar hierdie woorde aan ons?

God sal ons gebed verhoor, en Hy sal ons bewaar in die geloof en teen alles wat skadelik is. Dit is so omdat God oor alles in die hemel en op die aarde regeer.

- Dink daaroor: Hy regeer oor die sterrehemel (Ps. 33:6); die seisoene; die kom en gaan van die winde; reën en droogte – alles.
- Daarom het Hy die mag om te beskik oor die verhooring van ons gebede.

Die woorde openbaar verder aan ons dat ons nie aards van die Here moet dink nie. Deesdae raak dit 'n probleem, want daar loop baie godsdienste rond wat, in 'n poging om God se teerheid en liefde te leer, van die Here 'n vennoot, of 'n naby vriend maak.

- Die almag van God en die vrees wat daar vir Hom moet wees, ly dan skade.
- Dit is dus nie sonder rede dat mense met so 'n soort geloof ook weer maklik van die Here afvallig word nie.

Al is daar afstand tussen ons en God omdat ons nietige mense is, en Hy die ewige en almagtige God, is daar ook die nabyheid dat Hy ons beskerm en toevou in sy ewige raad.

- Hy sorg vir ons kos en klere elke dag.
- Hy sorg vir die behoud en groei van ons geloof.
- Hy skenk aan ons die verlossing deur die Here Jesus Christus.

2. Hierdie woorde wek vertroue by ons op.

Dink mooi oor die gevoel wat in jou ontstaan as jy hierdie woorde gelowig lees. Wat wek hierdie woorde by ons op? Die antwoord is: Kinderlike vertroue.

- God die Almagtige bly getrou.
- Hy bly ook altyd naby my.

Met hierdie woorde openbaar die Here dat daar 'n band tussen Hom en my is wat Hy nooit tot niet sal laat gaan nie. Dit is omdat God deur Jesus Christus werklik ons Vader geword het.

- Daarom begin ons ook ons gebed met die woorde: *Onse Vader*.
- Toe die Here Jesus ons geleer het om ons gebed met die woorde *Onse Vader* te begin, het Hy daarin te kenne gegee dat die Here aan ons dieselfde soort liefde bewys wat 'n vader vir sy kinders het.

Die grond van ons gebed is dat God die Almagtige ons versorg, en dat ons by die begin van ons gebed al bewys dat ons op Hom vertrou vir die verhooring van ons gebed.

- Aan gebedsverhooring hoef u nie te twyfel nie, want in Psalm 145:18 en 19 belowe die Here dat Hy die wat Hom vrees en wat Hom opreg en in waarheid aanroep, se gebede verhoor.

3. Hierdie woorde leer jou om God te ken.

Waarvoor bid u alles? Ons bid vir alles wat ons liggaamlik en geestelik nodig het.

- Maar elke smeekgebed is ook gekoppel aan die belofte dat jy verhoor sal word – anders is daar geen sin en geen nut in om te bid nie!
- Gaan bid met volle vrymoedigheid. Gaan met elkeen van u gebede na God toe, want u heilige Vader sal u seën.
- *Ons moet natuurlik daarteen waak dat ons nie ligsinnig bid nie, want dikwels bid mens vir dinge waaroor nie gebid behoort te word nie.*

As ons dink aan die *Onse Vader* dan begin ons spesifiek die gebed met die woorde: *Ons Vader wat in die hemele is*.

- Die woorde *wat in die hemele is* laat tog 'n sekere gevoel van heiligheid en gewydheid by ons opkom.
- Dis ook reg. Heiligheid en erns moet deur elke gebed van ons vloei.
- Selfs wanneer ons God met blydskap loof en dank vir sy seën, doen ons dit nog met 'n heilige erns.

Waar pas al hierdie dinge waaroor ons gepraat het in ons gebede in?

- As God veranderlik was, sou u gebede vrugtelos wees.
- En as God nie sy beloftes gehou het nie, sou dit niks gehelp het as u gaan bid het nie.
- Maar nou kan u weet: God bly getrou.
 - Al sy beloftes staan: Hy verbreek nie een van hulle nie.
 - Hy het in die Bybel geopenbaar dat Hy ons Vader is deur Jesus Christus.
 - Hy is dit steeds, en sal dit ook altyd bly.

Bid van u hemelse Vader wat u nodig het, en Hy sal u gebede verhoor omdat Hy u deur sy Seun tot sy kind gemaak het, en omdat Hy u deur sy Gees roep om in die gebed voor sy troon te staan.

Kom ons lees Kategismus Sondag 46 saam:

Vraag 120: Waarom het Christus ons beveel om God as ons Vader aan te spreek?

Antwoord: Sodat Hy heel aan die begin van ons gebed in ons die kinderlike vrees en vertrouwe op God sal wek. Dit moet die grond van ons gebed wees, naamlik dat God deur Christus ons Vader geword het, en dat Hy ons veel minder dit wat ons van Hom in die geloof bid, sal weier as wat ons vaders aardse dinge ons ontsê (a).

(a) Matt 7:9-11; Luk 11:11-13.

Vraag 121: Waarom word hier bygevoeg: wat in die hemel is?

Antwoord: Sodat ons van die hemelse majesteit van God nie aards moet dink nie (a) en van sy almag alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het (b).

(a) Jer 23:23, 24; Hand 17:24, 25, 27. (b) Rom 10:12.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 90:2, 8 (p. 454)

- 2 Hoe nietig is die mens! Wat is sy lewe? / Wat hét die mens, al is hom veel gegewe?
U knak die steel van sy geswinde jare, / en hy gaan heen net soos die najaarsblare.
Want in u oog is duisend jare, HEER, / 'n enk'le dag, 'n nagwaak en niks meer.
- 8 En as die leed van jare uitgely is, / verkwik ons vroeg, wanneer die nag verby is;
ag, skenk ons, HEER, die blyk van welbehae, / verbly ons na die smart van al ons dae
en na die swaarte van die sware proef, / waarmee U ons wou tugtig en bedroef.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 9 Mei 2004
Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 3 Februarie 2013